Laerskool Jan van Riebeeck

Kloofstraat 52, Kaapstad, 8001
Epos: ontvangs@jvrprim.co.za

Tel: 021 423 4209
Webtuiste: www.jvrprim.co.za

# 2020-BEHEERLIGGAAMVERKIESINGS
# KENNISGEWING VAN BENOEMINGS- EN VERKIESINGSVERGADERING

## Verkiesing van Ouers van Leerders tot die Beheerliggaam

*(Regulasies 10, 12, 13, 15, 16 en 17 van die Regulasies vir Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Beheerliggame by Openbare Skole, 2017)*

## Laerskool Jan van Riebeeck

Kennis word hiermee gegee dat 'n vergadering vir die verkiesing van **1 (een) ouer as lid van die beheerliggaam vir die bogenoemde skool** gehou sal word op **Dinsdag, 29 September 2020.** Hierdie sal 'n elektroniese verkiesing wees en ouers kan vanaf hul rekenaars stem of op die terrein te Kloofstraat 52, Kaapstad, vanaf **17:00 tot 18:00**

Indien 'n kworum nie bereik word nie, sal 'n opvolgvergadering gehou word om 17:00 – 18:00 op Woensdag 7 Oktober 2020. Hierdie vergadering sal elektronies geskied en ouers kan vanaf hul rekenaars stem of op die terrein te Kloofstraat 52, Kaapstad.

Die verkiesingsplatvorm *VotingCrowd* koppel die stemgeregtigde ouers aan hul kind se CEMIS nommer en/of identiteitsnommer wanneer hulle met hul unieke toegangsnommer inteken vir die verkiesing. Die kworum van 10% word in werklike tyd deur die stelsel opdateer gedurende die verloop van die verkiesing.

Kandidate kan benoem word deur minstens 7 (sewe) dae voor bogenoemde vergadering 'n benoemingsvorm elektronies of per harde kopie in te dien by die skoolkiesbeampte, of per e-pos aan marinda@jvrprim.co.za, wat behoorlik ingevul is deur 'n voorsteller, die sekondant en die benoemde kandidaat. Vir hierdie doel sal benoemings by die skool aanvaar word **vanaf Dinsdag 15 September 2020 tot om 19:00 op Maandag 28 September 2020.**

Indien daar meer kandidate benoem word as die getal lede wat verkies moet word, sal 'n stemming gehou word nadat die benoemings ingedien is.

L.VISSER
**WAARNEMENDE SKOOLHOOF: HOËRSKOOL JAN VAN RIEBEECK**

Kloofstraat 129, KAAPSTAD, 8001

7 September 2020